



Jak 5:16 (b) Die **vurige** gebed van ‘n regverdige
het **groot krag.**

Jes.62:6 (b) o Julle wat die HERE herinner aan sy
beloftes – **moenie rus nie**

Jes 62:7 (a) en laat Hom **“GOD” nie met rus nie,**

Krag van Gebed.

Wetenskaplik Bevestig !!

N.J. Stovell; 'n Vooraanstaande wetenskaplike, was voorheen bekend as 'n godloënaar. Hy het vir baie jare saam met ander wetenskaplikes gewerk om lig en duidelikheid te verkry omtrent die verborge geheime van atoom - wetenskap. Deur dit te doen het hy dikwels weë betree wat toentertyd nog onbekend was, en het ontdekkings gemaak wat nie alleen tot voordeel van die wetenskap was nie, maar ook sy hele sienswyse van die lewe verander het. Ons laat dit aan hom oor om self sommige van sy ondervindings mee te deel:

Ek was 'n siniese godloënaar wat geglo het dat God maar net 'n uitvloeisel van 'n mens se verbeelding is. Ek was nie instaat om in 'n lewende goddelike wese te glo nie, wat almal liefhet en mag oor ons het.

Terwyl ek eendag besig was om te werk in die groot laboratorium van die kliniek, was ek belas met die taak om die golflengte en die mag van die uitstraling van die menslike brein te bepaal. Ek het saamgestem om 'n gevoelige proefneming met my kollegas uit te voer. Ons wou ondersoek instel om uit te vind wat gebeur in die menslike brein terwyl dit oorgaan van die lewe tot die dood. Ons het 'n vrou uitgekies vir hierdie doel wat gelyk het aan 'n dodelike brein kanker. In siel en gees was sy geheel en al normaal en was alom bekend vir haar liefdevolle opgewekte geaardheid. Nietemin was sy fisies in 'n baie treurige toestand. Ons het geweet dat sy op die punt staan om te sterf, en sy het dit ook geweet. Ons was in kennis gestel dat ons te doen het met 'n vrou wat in Jesus Christus geglo het as haar persoonlike saligmaker. Kort voor haar dood het ons 'n baie sensitiewe opvangtoestel in haar kamer geplaas. Hierdie instrument sal alles blootstel wat in haar brein sou gebeur in die laaste oomblikke van haar lewe. Ons het ook 'n baie klein mikrofoon bokant haar bed gesit om ons in staat te stel om te hoor wat sy sê, indien sy sou praat voordat sy sterf.

'n OORWELDIGE ONDERVINDING !!

Intussen het ons na die kamer langsaan gegaan. Ons het vyf betroubare wetenskaplikes gekies, waarvan ek waarskynlik die gehardste en mees ongelowigste was. Ons het voor ons instrumente in spannende afwagting gestaan en wag. Die wyser van ons instrumente het op "NUL" gestaan, en kon beweeg tot op 500 grade regs positief, of 500 grade links in negatiewe registrasie. Ons het voorheen op daardie selfde instrument die krag gemeet wat 'n uitsaastasie van 50 kilowatt gebruik het om 'n boodskap om die wêreld te stuur. Die naald het gaan staan op 9 grade aan die po-

sitiewe kant. Die laaste oomblikke van die sterwende vrou het skynbaar aangebreek. **Meteens het ons gehoor hoedat sy bid en die Here God prys.** Sy het God gesmeek om almal te vergewe wat vir haar leed aangedoen het in haar lewe. Daarna het sy volle uiting van haar geloof in God gegee, deur te sê: Ek weet dat U is, en altyd die enigste betroubare bron van krag is vir al U skepsels. Sy het Hom gedank vir SY krag waardeur Hy haar onderskraag het haar hele lewe lank, en vir die versekering wat sy het dat sy aan Jesus behoort. Sy het aan Hom verklaar dat ten spyte van al haar lyding, haar liefde vir Hom nie verminder het nie. In herinnering aan die vergifnis van haar sonde deur die Bloed van Jesus, het haar woorde 'n onbeskryflike heerlikheid openbaar. Ten laaste, was sy verheerlik in die blydskap en wete dat sy spoedig haar verlosser sou sien.

Ons was diep bewoë terwyl ons rondom ons instrumente gestaan het. Ons het alreeds vergeet wat ons eintlik wou navors. Ons het vlugtig na mekaar gekyk en was nie skaam oor ons trane nie. Ek was so aangegryp deur wat ek gehoor het, dat ek verplig was om te huil soos ek nooit weer sinds my kinderjare gedoen het nie. Meteens, terwyl die vrou aangehou bid het, het ons 'n klinkende geluid van ons instrumente gehoor. **Toe ons daarna kyk het ons die wyser op 500 grade positief gevind, en dit was net verhinder om hoër te gaan deur die pennetjie op die end.** Die uitstralende energie moes die skaal van ons instrumente oortref het. Net die pennetjie op die end het verhinder dat die aanwyser hoër kon klim. Ons gedagtes was oorstelp. Met die hulp van 'n tegniese navorsing, het ons nou 'n geweldige ontdekking gemaak: **Die brein van 'n sterwende vrou wat in aanraking was met God, het 'n krag ontwikkel wat 55 maal sterker was as die van 'n wêreldwye uitsending.** { Ons word hier herinner aan 'n verklaring wat deur Dr Alexis Carel, die Nobel pryswenner gemaak is, dat "Gebed die sterkste vorm van opwekkende energie is." }

Om ons waarneming voort te sit, het ons onself verenig in 'n nuwe proefneming. Hierdie keer het ons 'n byna kranksinnige man gekies. Nadat ons, ons instrumente reggestel het, het ons die verpleegster gevra om die pasiënt op een of ander manier te irriteer. **Die man het daarop gereageer deur te vloek en te beledig. Asof dit nie genoeg was nie, het hy die Naam van God ydelik en godlasterlik gebruik.** Ons instrumente het opnuut begin klik, ons oë was angstiglik op die skaal gevestig. **Hoe skokkend was dit nie om vas te stel dat die wyser teen die negatiewe 500 grade merk vasgeskop het teen die pennetjie, en dit probeer oorskry het nie.** Ons het die einddoel van ons navorsing bereik.

Ons het daarin geslaag om sonder twyfel wetenskaplik te bewys die positiewe krag van God, en die negatiewe krag van die teenstander. (satan)

Dit was baie gou vir ons duidelik dat ‘n persoon wat die wil van sy Vader doen en ‘n lewe lei wat God welbehaaglik is, die krag van God uit hom uitsraal. En dat daar ‘n negatiewe uitstraling plaasvind van sataniese mag by die ongelowige.

Dieselfde krag behoort geopenbaar te word in die lewe van elke kind van God. Jesus se laaste boodskap aan Sy dissipels net voor Sy Hemelvaart.

Hand 1:8 Maar julle sal **krag {Gr = DUNAMIS = Ongehinderde mag }** ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom

Hoe noodsaaklik is dit nie vir ons om voortdurend toegerus te wees met hierdie **krag** van God nie. Die Geesge vulde bidder is ‘n vurige bidder, en: **“Die vurige gebed van ‘n regverdige het groot krag” Jak 5:16(b)**

Efes 6:10 Eindelijk, my broeders, word **kragtig** in die Here en in die **krag** van sy sterkte.

Efes 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duivel.

Efes 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, **teen die bose geeste in die lug.**

Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. **{Op gekommandeer deur die Krag van God.}**

2Kor 10:4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,

2Kor 10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, **en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,**

Jesus sê vir Sy dissipels: “Vertoef julle in die stad Jerusalem totdat julle toegerus is met **krag uit die hoogte**” Luk 24:49. Die woord **KRAG** beteken **DUNAMIS, dieselfde woord waarvan dinamiet afgelei word.** Dit is wonderlik. Ek wil hê dat julle in Jerusalem moet vertoef totdat julle God se dinamiet (vermoë) ontvang het. God se vermoë kom na ons toe deur die wedergeboorte en die doping in die Heilige Gees.

Gebede in die Bybel !

- (1) Daar is **221** gebede in die Bybel. In die ou testament **176** gebede, en in die nuwe testament **45** gebede.
- (2) Die langste gebed in die Bybel vind ons in die boek Nehemia die 9de hoofstuk met **1,205** woorde.
- (3) Die kortste gebed in die Bybel vind ons in die boek Handeling die 9de hoofstuk vers 40(b) “Tabita **staan op.**”

DIE VYF SINTUIE VAN DIE GEES !

(1) Gebed. (2) Aanbidding. (3) Geregtigheid. (4) Heiligheid. (5) Geloof.

Die mens het 'n ingebore aanbiddings sintuig, deur God in die mens geplaas om Hom te aanbid. Ons gebede en lofprysing is 'n offer aan God.

Ongelowiges wat 'n drang na aanbidding het, wend hulle na beelde, die natuur, diere en planete soos son, maan, ens.

Prof Drummond, 'n groot geleerde sê vir ons dat primitiewe rasse nie so iets soos liefde ken nie. 'n Moeder sal veg vir haar kind soos 'n leeuwyfie veg vir haar welpie, maar daardie selfde moeder sal haar kind vir die krokodille gooi om aan die afgode te offer.

Exo 20:3 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Exo 20:4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

Exo 20:5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God

Luk 4:8 En Jesus antwoord en sê vir hom: Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: **Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.**

Joh 4:23 Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; **want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.**

Joh 4:24 God is Gees; en die wat Hom aanbid, **moet in gees en waarheid aanbid.**

HERE, LEER ONS BID !

Luk 11:1 En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: **Here, leer ons bid**, soos Johannes ook sy dissipels geleer het.

Mat 6:9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, **laat u Naam geheilig word**;

Mat 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

Mat 6:11 gee ons vandag ons daaglikse brood;

Mat 6:12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

Mat 6:13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in

ewigheid. Amen.

Daar het dan ook 'n honger by die dissipels van Jesus ontstaan, 'n verlange om ook die geheim van ware gebed te leer. Daarom vra een van hulle Hom toe Hy klaar gebed het. "**Here Leer ons Bid**" Hulle wys Hom ook daarop dat Johannes die dooper sy dissipels geleer het om te bid. Hulle het verlang dat die Here hulle 'n model gebed moet leer. Die Here voldoen aan die versoek en gee die "Onse Vader" as model gebed. Dit is vanselfsprekend, as ons daaraan dink dat Jesus die Seun van God, dit nodig gevind het om soms nagte deur te bid. Daar is dieptes in die kuns van gebed wat ons moet leer ken en verstaan. Die jong studente word opgelei vir hulle lewenstaak. Hulle studeer hard en volhard daarin vir jare om sodoende die hoogste kwalifikasies te bereik. Moet ons as die Bruids-gemeente dan nie ook 'n gespesialiseerde studie van hierdie belangrike gebedsvak maak nie? Ja, gebed bevat oneindig meer belofte as enige aardse studie rigting. **{Begin u gebed deur Sy Naam te Heilig}**

DIE GEES KOM ONS SWAKHEDE TE HULP !

Rom 8:26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, **want ons weet nie reg wat ons moet bid nie**, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Mat 6:7 En as julle bid, **gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde** soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

Gebed van Salomo by die inwyding van die Tempel: In **2 Kron 6**, het hy tot die Here gebed en 91 keer die woord **U** gebruik en 7 keer **Here - God**. { 7 = Die getal van Geestelike volmaaktheid. }

Die Hoë Priesterlike gebed van Jesus vir Sy dissipels: In Joh 17 gebruik Hy 52 keer die woord **U**, 6 keer **Vader**, en 1 keer **God**. { = 6+1 = 7 Die getal van Geestelike volmaaktheid. }

Die gebed van Dawid: Hy gebruik 24 keer die woord **U** in **1 Kron 29**.

VERKEERD BID !

Jak 4:3 Julle bid en julle ontvang nie, **omdat julle verkeerd bid**, om dit in julle welluste deur te bring.

Jak 4:4 Egbrekers en egbreeksters, (Geestelik) weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.

Mat 6:5 En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die **hoeke van die**

strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.

Mat 6:6 Maar jy, wanneer jy bid, **gaan in jou binnekamer**, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

REG BID !

Laat ons vyf dinge onthou wanneer ons tot God in gebed gaan !

(1) Laat ons tot die Vader bid — **in die Naam van Sy Seun.**

Joh 14:13 En wat julle ook al **in my Naam mag vra**, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.

Joh 14:14 As julle iets **in my Naam vra**, sal Ek dit doen.

Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; **niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.**

Ons gebede moet dus tot die Vader gerig word in die Naam van Jesus.

Onthou dat Jesus die DEUR is deur wie ons mag ingaan tot die Vader.

Ons bid dus nie direk tot die Vader of dan ook direk tot die Seun nie.

Jesus stel dit as volg ; **Joh 15:16** Julle het My nie uitverkies nie, maar

Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, **sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.**

{ Die Vader is my BRON Jesus is my MIDDELAAR. }

So moet ons dan leer om intelligent te bid. “Ek sal ook MET DIE VERSTAND BID” **1Kor 14:15** Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, **maar ek sal ook met die verstand bid.** Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing.

Joh 4:24 God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

Wanneer ons dus bid moet ons besef dat ons in die Heiligdom in gemeenskap met ‘n HEILIGE GOD VERKEER.

(2) Laat ons volgens Sy wil Bid !

1 Joh 5:14 En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra **volgens sy wil.**

1 Joh 5:15 En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, **ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.**

(3) Bid sonder twyfel !

Mark 11:24 Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, **glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.**

Jak 1:5 En as iemand van julle **wysheid kortkom**, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, **en dit sal aan hom gegee word.**

Jak 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, **sonder om te twyfel**; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.

Jak 1:7 Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie—

(4) Gebed moet uit 'n **rein hart kom !**

Psm 66:18 As ek ongeregtheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie.

1Joh 3:19 En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel,

1Joh 3:20 want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles.

1Joh 3:21 Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God;

1Joh 3:22 en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooi bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.

(5) Halfhartige gebed bereik niks nie, **laat ons vurig bid !**

Jak 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. **Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag. "Gr = DUNAMIS" = Ongehinderde mag !**

1 Kon 18:36-37 Die vurige gebed van Elia; "Sewe en vyftig woorde (57) EN DIE VUUR VAN GOD VAL UIT DIE HEMEL OP KARMEL."

In hierdie vurige gebed gebruik hy die woorde: U-6keer; GOD-3keer; en HERE-3keer { = 6+3+3 =12 !!} Die getal twaalf het die betekenis van **ewige perfektheid in die Woord van God.** { **Gen 49:28** Die twaalf stamme van Israel. Asook **Exo 28:17-20** die 12 stene in die borstas van hoëpriester Aäron. \ **Oph 21:** Die nuwe Jerusalem met 12 Fondamente, 12 Poorte, 12 Pêrels, by die 12 Poorte 12 Engele , en 12 Apostels.

DIE GEBED VAN DANIËL, DRIE KEER PER DAG !

Dan 6:14 Toe het hulle geantwoord en voor die koning gesê: Daniël, een van die Joodse ballinge, het hom aan u, o koning, en aan u verbod wat u geskrywe het, nie gesteur nie, **maar drie maal op 'n dag doen hy sy gebed.**

Daniel, 'n Joodse balling in Babilon onder Persiese oorheersing. Daruis die Meder is koning in Babel. Daniel was dan een van drie ministers aangestel oor 120 landvoogde waar hy uigemunt het bo almal, en onge-

veer **90 jaar oud**. Weens sy uitstaande wysheid het hy vervolging in die gesig gestaar. **So het hy dan drie maal ‘n dag vuriglik gebed met krag (DUNAMIS)** in ballingsap in die bovertrek, met die vensters oop in die rigting van Jerusalem. Tot die God van Abraham Isak en Jakob.

DIE GEBED VAN JESUS EN SY DISSIPELS, IN GETSÉMANÉ !

Mat 26:38 Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.

Mat 26:39 En Hy het ‘n bietjie verder gegaan **en op sy aangesig geval en gebed en gesê:** My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Mat 26:40 En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om **een uur** saam met My te waak nie?

Mat 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

Mat 26:42 Weer het Hy vir die **tweede maal gaan bid** en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.

Mat 26:43 Toe kom Hy en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar.

Mat 26:44 En Hy het hulle met rus gelaat **en weer vir die derde maal gaan bid** en dieselfde woorde gesê.

Mat 26:45 Daarop kom Hy by sy dissipels en sê vir hulle: **Slaap maar voort en rus.** Kyk, die uur is naby, en die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van sondaars.

Getsémane, dan ook bekend vir die olyfbome in die tuin, wat dateer uit die tydperk van Jesus volgens die toergidse. **Getsemane beteken “Parsing”.** Met verwysing na die parsing van die olywe om die olie te verkry.

Die Gees van Jesus was in ’n geweldige parsing, dat bloed uit Sy ongebroke liggaam deur die sweetgate gebars het.

Luk 22:44 (b) Sy sweet het geword soos Bloeddruppels wat op die grond val.

Drie maal het Hy dieselfde gebed gebid, drie maal was Sy dissipels nie instaat om een uur met Hom in hierdie **par-sing** te bid nie, drie maal het Hy hulle aan die slaap gevind en met die woorde: **“SLAAP MAAR VOORT EN RUS”** alleen verder gebid.



GEBED MOET BEOEFEN WORD, DRIE MAAL PER DAG !

Psm 55:18 Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my stem.

1Thes 3:10 terwyl ons **nag en dag baie ernstig bid** om julle aangesig te sien en te voltooi wat aan julle geloof ontbreek?

2Tim 1:3 Ek dank God, wat ek van my voorouers af in 'n rein gewete dien, wanneer ek onophoudelik **nag en dag aan jou in my gebede dink**,

Psm 88:3 **Laat my gebed** voor u aangesig kom, neig u oor tot my smeking.

Psm 88:14 Maar ék, HERE, roep U aan om hulp, en **in die môre** kom my gebed U tegemoet.

Psm 5:3 Gee ag op die stem van my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek.

Psm 5:4 **In die môre**, HERE, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag.

Dan 6:14 Toe het hulle geantwoord en voor die koning gesê: Daniël, een van die Joodse ballinge, het hom aan u, o koning, en aan u verbod wat u geskrywe het, nie gesteur nie, maar drie maal op 'n dag doen hy sy gebed.

HOE MOET ONS BID !

(1) In die geloof.

Jak 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. (Laat u gebed skrif gefundeerd wees !)

Mark 11:24 Daarom sê Ek vir julle: **Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.**

(2) In afsondering.

Mat 6:6 Maar jy, wanneer jy bid, **gaan in jou binnekamer, sluit jou deur** en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

Mat 14:23 En nadat Hy die skare weggestuur het, **klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid**. En toe dit aand geword het, was Hy daar alleen.

(3) Begin die dag met gebed.

Psm 5:4 **In die môre, HERE, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag.**

Mark 1:35 En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid.

(4) Nagte van gebed.

Luk 6:12 En Hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring.

(5) By maaltye.

1Kor 11:24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: **Neem, eet**; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. { Die Heilige sakrament van die nagmaal !!}

Luk 24:30 En toe Hy met hulle aan tafel was, **neem Hy die brood en dank**; en Hy breek dit en gee dit aan hulle. **(Emmaüsgangers)**

Hand 27:35 Toe hy **(Paulus)** dit gesê het, **neem hy brood, dank God** in die teenwoordigheid van almal, breek dit en begin eet.

(6) In Nood en benoudheid.

Psm 81:8 In die nood het jy geroep, en Ek het jou uitgered; Ek het jou geantwoord in die skuilplek van die donder; Ek het jou getoets by die waters van Mériba. Sela.

Psm 50:15 en roep My aan in die dag van **benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.**

Psm 4:2 As ek roep, verhoor my, o God van my geregtigheid! **In benoudheid het U vir my ruimte gemaak**; wees my genadig, en hoor my gebed!

(7) Wanneer siek.

Jak 5:14 Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

Jak 5:15 En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

Jak 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.

(8) Saam met jou vrou.

1 Kor 7:5 Onttrek julle nie aan mekaar nie, **behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed**

te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in ver-soeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing **nie**.

(9) **Wanneer ‘n mens nie ontsteld is nie.**

Hand 10:9 En die volgende dag, terwyl hulle op pad was en naby die stad kom, **het Petrus omtrent die sesde uur op die dak geklim om te bid;**

Mat 14:23 En nadat Hy die skare weggestuur het, **klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid.** En toe dit aand geword het, was Hy daar alleen.

(10) **Of saam met die kinders van die Here.**

Joh 16:33 Dit het Ek vir julle gesê, **dat julle in My vrede kan hê.** In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin

Psm 95:6 Kom, **laat ons** aanbid en neerbuk; **laat ons** kniel voor die HERE wat ons gemaak het.

(11) **Met oop of toe oë.**

Joh 17:1 Dit het Jesus gespreek, **en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê:** Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik—

(12) **Met die hulp van ons vriende.**

2Kor 1:11 terwyl julle ook **vir ons** saamwerk deur die gebed, sodat daar vir die genadegawe **aan ons** deur baie persone op baie maniere **vir ons** gedank mag word.

Psm 95:6 Kom, **laat ons aanbid** en neerbuk; **laat ons kniel** voor die HERE wat ons gemaak het.

(13) **Ons mag voor ongelowiges bid.**

Joh 11:42 en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, **maar ter wille van die skare** wat rondom staan, het Ek dit gesê, **sodat hulle kan glo** dat U My gestuur het.

Hand 16:25 En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; **en die gevangenes het na hulle ge-luister.**

Hand 27:35 Toe hy dit gesê het, neem hy brood, **dank God in die teenwoordigheid van almal,** breek dit en begin eet.

(14) Laat ons gebed doelgerig wees, en nie rondwalend nie.

2 Kron 16:9 want die HERE—sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun **wie se hart onverdeelde op Hom gerig is;**

IN WATTER POSISIE KAN DIE LIGGAAM WEES !

(1) Knielend.

Fil 2:10 sodat in die Naam van Jesus sou **buig elke knie** van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,

Efes 3:14 Om hierdie rede **buig ek my knieë** voor die Vader van onse Here Jesus Christus,

Luk 22:41 En **Hy het Hom** van hulle afgesonder omtrent so ver as ‘n mens met ‘n klip kan gooi, **en neergekniel en gebid.**

Psm 95:6 Kom, **laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel** voor die HERE wat ons gemaak het.

(2) Staande.

Mark 11:25 En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle julle oortredinge mag vergewe.

Luk 18:11 En die Fariseër het **gaan staan** en by homself so gebid:

Jer 18:20 Sal goed dan met kwaad vergeld word? —want hulle het vir my ‘n kuil gegrawe. **Gedenk hoe ek voor u aangesig gestaan het** om ‘n goeie woord vir hulle te doen, om u grimmigheid van hulle af te keer.

1Sam 1:26 en sy het gesê: Ag, my heer, so waar as u siel leef, my heer, **ek is die vrou wat hier by u gestaan het om tot die HERE te bid.**

(3) Sittende.

Hand 2:2 En daar kom skielik uit die hemel ‘n geluid soos van ‘n geweldige rukwind, **en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.**

(4) Of plat op ons aangesig.

Mat 26:39 En Hy het ‘n bietjie verder gegaan **en op sy aangesig geval en gebid** en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

(5) Hande opgehef.

1Tim2:8 Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet **bid en heilige**

hande ophef sonder toorn en twis.

Psm 28:2 Hoor die stem van my smeking as ek U aanroep om hulp, **as ek my hande ophef na die binneste van u heiligdom.**

1Kon 8:22 Toe het Salomo voor die altaar van die HERE gaan staan, teenoor die hele vergadering van Israel, **en sy hande uitgebrei na die hemel.**

6) Op ons bed.

Psm 63:7 as ek aan U dink op my bed, in die nagwake oor U peins.

(7) Of met vasting.

Hand 13:2 En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te **vas**, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.

Hand 13:3 En toe hulle **gevas** en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.

JOU GEBEDE SAL BEANTWOORD WORD.

(1) Jy God gehoorsaam is.

1Joh 3:22 en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.

Joh 15:7 As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

Joh 15:16 Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.

(2) Jy, jou bewuste sonde bely en laat staan.

Jes 59:1 Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie;

Jes 59:2 maar julle **ongeregtighede** het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, **en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg**, sodat Hy nie hoor nie.

Joh 9:31 En ons weet **dat God nie sondaars verhoor nie**; maar as iemand godvresend is en sy wil doen, dié verhoor Hy.

(3) Vra volgens Sy wil.

1Joh 5:14 En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor **as ons iets vra volgens sy wil.**

1Joh 5:15 En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.

(4) **Jy in die Geloof bid.**

Mark 11:24 Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, **glo dat julle dit sal ontvang**, en julle sal dit verkry.

(5) **Jy 'n gesonde huwelik het.**

1Pet 3:7 Net so moet julle, **manne, verstandig met hulle saamlewe** en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is—**sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.**

HERINNER DIE HERE AAN SY BELOFTES.

Jes 62:6 o Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurig-deur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. **o Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes—moenie rus nie**
Jes 62:7 en laat Hom (GOD) nie met rus nie,

Daar is **7,487** beloftes van God in die Bybel. (www.jesus-is-savior.com)
Dr Herbert Lockyer. All the promises of the Bible page 10 (1962)

2 Kor 1 :20 Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons.

Op elkeen van hierdie beloftes het ek 'n wettige aanspraak, want as kind van God is ek ook erfgenaam. Die testament is nou van krag omdat die Testateur gesterwe het. Dit hang dus nou van my af of ek my wettige reg gaan uitoefen, om my wettige erfenis te ontvang.

Wat God moes doen is klaar gedoen. Van nou af moet ek die res **DOEN**. Dus bid en glo.

Mat 18:18 Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.

Wat 'n onbeskryflike voorreg, maar ook 'n gewigtige verantwoordelikheid. Die bidder het die mag en die gesag om Satan te bind op aarde, en om mense los te maak wat deur Satan gebind is. Die Hemel sal ons optrede respekteer in die verband.

Mat 18:19 Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader

wat in die hemele is.

{ Die bidder is dus 'n soldaat, priester, pleitbesorger en gesagvoerder. Hy pleit, hy bestraf, hy bind, hy ontbind en beveel. }

Luk 9:1 En Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle mag en gesag gegee oor al die **duiwels {demone}** en om siektes te genees.

Duisende Christene bid en daaglik gebeur daar wonderwerke dwarsdeur die wêreld.

En laat u gebed altyd skrif gefundeerd wees, BID DIE WOORD.

HINDERNISSE VAN GEBED !

(1) **Hy weier die sondaar.**

Joh 9:31 En ons weet dat God nie sondaars verhoor nie; maar as iemand godvresend is en sy wil doen, dié verhoor Hy.

Jes 59:2 maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, **en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.**

Psm 66:18 As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, **sou die Here nie gehoor het nie.**

(2) **Hy weier die wat die armes verwaarloos.**

Spr 21:13 Wie sy oor toestop vir die geskreeu van die arme, hy sal self ook roep en nie verhoor word nie.

(3) **Hy weier die hoogmoediges en die selfsugtiges.**

Jak 4:3 Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.

(4) **Hy weier hulle wat afgode in hulle harte vertroetel.**

Eseg14:3 Mensekind, hierdie manne het hulle **drekgode** in hulle hart opgeneem en die struikelblok tot hulle ongeregtigheid voor hulle aangesig neergesit—**sou Ek My dan werklik deur hulle laat raadpleeg?**

(5) **Hy weier hulle wat nie hulle misdade teenoor mekaar bely nie.**

Jak 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.

(6) Hy weier hulle wat mekaar nie vergeef nie.

Mark 11:25 En wanneer julle staan en bid, **vergeef as julle iets teen iemand het**, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle julle oortredinge mag vergewe.

Mark 11:26 **Maar as julle nie vergewe nie**, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.

(7) Hy weier hulle wat nie glo nie.

Mat 21:22 En alles wat julle in die gebed vra, **sal julle ontvang as julle glo**.

(8) Hy weier die man en vrou, wat nie goed saam leef nie.

1Pet 3:7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is—**sodat julle gebede nie verhinder mag word nie**.

ONS NALATIGE GEBEDSLEWE.

(1) Ons nalatige gebedslewe bedroef die Here

Jes 43:21 Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig.

Jes 43:22 **Nogtans het jy My nie aangeroop**, o Jakob, dat jy jou vir My sou vermoei het nie, o Israel!

Jes 64:6 En ons het almal geword soos ‘n onreine, **en al ons geregtighede soos ‘n besoedelde kleed**; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind.

Jes 64:7 **En daar was niemand wat u Naam aangeroop het**, wat hom beywer het om U aan te kleef nie; want U het u aangesig vir ons verberg en laat ons wegsmelt deur ons ongeregtighede.

(2) Die Here dring ons tot volhardende gebed.

Kol 4:2 Volhard in die gebed **en waak daarin met danksegging**;

1Kor 7:5 Onttrek julle nie aan mekaar nie, (Die man, en vrou in die huwelik) **behalwe met wedersydse ooreenstemming vir ‘n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy**; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie.

(3) Sodat ons kan ontvang wat ons ookal vra.

Joh 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, **dit sal Ek doen**, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.

Joh 14:14 As julle iets in my Naam vra, **sal Ek dit doen**.

1Joh 5:15 En as ons weet dat Hy ons verhoor, **dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het**.

(4) Gebed in alles. — Altyd. — Vir almal. — Oor almal.

(a) **Fil 4:6** Wees oor niks besorg nie, **maar laat julle begeertes in alles deur gebed** en smeking met danksegging bekend word by God.

(b) **Luk 18:1** En Hy het ook aan hulle ‘n gelykenis vertel met die oog daarop dat ‘n mens **gedurig moet bid** en nie moedeloos word nie,

(c) **1Tim 2:1** In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word **vir alle mense**;

(d) **1Tim2:2** **vir konings en almal wat hooggeplaas** is, sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.

1Tim2:3 Want dit is goed en **aangenaam voor God**, ons Verlosser,

1Tim 2:4 **wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom**.

(5) Hy wat in gebed kortskiet verbeur seën.

Dan 9:13 soos in die wet van Moses geskrywe is—**al hierdie onheil het oor ons gekom**, en ons het die aangesig van die HERE onse God nie om genade gesmeek deur ons te bekeer van ons ongeregtighede en ag te gee op u waarheid nie.

Dan 9:14 Daarom was die HERE wakker oor die onheil, **om dit oor ons te bring**; want die HERE onse God is regverdig by al sy werke wat Hy doen, **maar ons het nie na sy stem geluister nie**.

(6) Gebed is God se wyse om in ons behoefte te voorsien.

Dan 9:3 En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas, en in roukleed en as, **my aan gebed en smeking te wy**.

Mat 7:7 Bid, en vir julle sal **gegee word**; soek, en julle **sal vind**; klop, en vir julle **sal oopgemaak word**.

Mat 7:8 Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.

Mat 7:9 Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood

vra, aan hom 'n klip sal gee;

Mat 7:10 en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee?

Mat 7:11 As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

WAARVOOR MOET ONS BID.

(1) Vir die redding van siele regoor die wêreld.

Rom 10:9 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, **sal jy gered word;**

Hand 17:30 God het dan die tye van **onkunde oorgesien** en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul **moet bekeer,**

Mark 16:16 **Hy wat glo en hom laat doop,** sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

(2) Vir die predikers.

Kol 4:3 en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is,

Efes 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

Efes 6:19 en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak.

1Thes 5:25 Broeders, bid vir ons.

2Thes 3:1 Verder, broeders, bid vir ons dat die woord van die Here sy snelle loop mag hê en verheerlik word net soos by julle;

(3) Ons moet bid vir onself.

1Kron 4:10 En Jabes het die God van Israel aangeroep en gesê: **As U my ryklik seën** en my grondgebied vermeerder **en u hand met my sal wees en U die onheil afweer,** sodat my geen smart tref nie! En God het laat kom wat hy begeer het.

Psm 106:4 Dink aan my, o HERE, na die welbehag in u volk, besoek my met u heil,

Psm 106:5 dat ek kan aanskou die geluk van u uitverkorenes, **dat ek bly kan wees in die blydschap van u volk,** my kan beroem met u erfdeel.

Psm 132:1 'n Bedevaartslied. o HERE, **dink aan Dawid,** aan al sy moeite; {Here, sien vir Dawid raak !!}

Die rower aan die kruis se gebed !

Luk 23:42 En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in U

(4) Bid vir mekaar en alle gelowiges.

Jak 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.

Rom 1:9 Want God wat ek in my gees dien in die evangelie van sy Seun, **is my getuie hoe ek onophoudelik aan julle dink**

(5) Vir hulle wat deur ons getuienis gered word.

1Thes 3:9 Want watter dank kan ons God vergelde **oor julle** vir al die blydskap waarmee ons om **julle** ontwil ons verbly voor onse God,

1Thes 3:10 terwyl ons nag en dag baie ernstig bid om **julle** aangesig te sien en te voltooi wat aan julle geloof ontbreek?

1Thes 3:11 Maar mag onse God en Vader self en onse Here Jesus Christus ons weg na julle toe rig;

(6) Vir die redding van ons familie betrekkinge.

Rom 10:1 Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God **vir Israel doen, is tot hulle redding.**

(7) Vir ons teruggevalle broeders.

1Joh 5:16 As iemand **sy broeder 'n sonde sien doen** wat nie tot die dood is nie, **moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee**—vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.

(8) Vir al die siekes.

Jak 5:14 **Is daar iemand siek onder julle?** Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

Jak 5:15 **En die gebed van die geloof sal die kranke red,** en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

(9) Vir ons kinders.

1Kron 29:19 **en gee aan my seun Salomo 'n volkome hart om u gebooië, u getuienisse en u insettinge te hou,** en om alles te doen en om die paleis te bou wat ek voorberei het.

(10) Vir konings en hulle wat hooggeplaas is.

1Tim 2:1 In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense;

1Tim 2:2 vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.

(11) Vir die omgewing waar ons woon.

Jer 29:7 en soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, **en bid daarvoor tot die HERE; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê.**

(12) Laat ons nie nalaat om vir ISRAEL / JOOD te bid nie !!!!!

Joël 2:17 Laat die priesters, die dienaars van die HERE, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: o HERE, **spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie;** waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?

Psm 122:6 Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, {Die jood} rustig lewe!

Gen 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, { Die Jood } en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

(13) Bid vir hulle wat ons vervolg, asook die martelare,

Mat 5:44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; **seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle** beledig en julle vervolg;

Luk 6:28 **Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig.**

BID SONDER OPHOU, EN GEDURIG DEUR !!

1Thes 5:17 Bid sonder ophou.

Luk 18:1 En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens **gedurig moet bid** en nie moedeloos word nie,

Luk 21:36 **Waak dan en bid altyddeur,** sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.

Efes 6:18 terwyl julle met **alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees,** en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

JESUS WAS VIR ONS DIE BESTE VOORBEELD VAN GEBED !

(1) Terwyl Jesus gebid het by Sy doop, het Hy die Heilige-Gees ontvang.

Luk 3:21 En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is, **en Hy besig was om te bid**, het die hemel oopgegaan;

Luk 3:22 **en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal**; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae.

(2) Sy kragtige genesingsbediening was Jesus se volgehoue gebedslewe.

Luk 5:15 Maar die gerug aangaande Hom is nog meer versprei, en groot menigtes het bymekaargekom om te luister **en deur Hom van hulle siektes genees te word**.

Luk 5:16 Maar Hy het Hom in **verlate plekke teruggetrek en gebid**.

(3) Jesus het dikwels vroeg opgestaan om te gaan bid.

Mark 1:35 **En vroeg in die môre, nog diep in die nag**, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid.

(4) Jesus het die nag deur gebid, voordat Hy Sy dissipels gekies het.

Luk 6:12 En Hy het in daardie dae uitgegaan **na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring**.

Luk 6:13 En toe dit dag geword het, **het Hy sy dissipels na Hom geroep en twaalf van hulle uitgekies**, wat Hy apostels genoem het:

(5) Jesus het wonderbaarlik op die water geloop, nadat hy vele ure in gebed deurgebring het.

Mark 6:45 En dadelik het Hy sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan en vooruit te vaar na die oorkant, na Betsáida, onderwyl Hy die skare sou wegstuur.

Mark 6:46 En nadat Hy van hulle afskeid geneem het, **het Hy na die berg gegaan om te bid**.

Mark 6:47 En toe dit aand geword het, **was die skuit in die middel van die see en Hy alleen op die land**.

Mar 6:48 En Hy het gesien dat hulle swaar kry met roei, want die wind was teen hulle. En omtrent die **vierde nagwaak (03:00 tot 06:00)** het Hy na hulle gekom, **al wandelende op die see**. En Hy wou by hulle verbygaan.

Mark 6:49 En toe hulle Hom op die see sien loop, het hulle gemeen dat

dit 'n spook was en hard uitgeskreu;

Mark 6:50 want hulle het Hom almal gesien en was ontsteld. **Toe spreek Hy dadelik met hulle en sê vir hulle: Hou goeie moed, dit is Ek; moenie vrees nie.**

Mark 6:51 En Hy het by hulle in die skuif geklim, en die wind het gaan lê; en hulle was by hulleself uitermate verbaas en verwonderd.

As Jesus, die Seun van God dit nodig geag het om Hom gereeld af te sonder om te gaan bid, hoeveel te meer moet ons nie in gebeds-afsondering wees nie.

VIER EN TWINTIG (24) VOORBEELDE VAN GEBED VAN MENSE.

(1) Gebed van ABRAHAM.

Gen 20:17 **Toe het Abraham tot God gebid**, en God het Abiméleg gesond gemaak; ook sy vrou en sy slavinne, sodat hulle kon baar.

Gen 20:18 Want die HERE het elke moederskoot van die huis van Abiméleg geheel en al toegesluit ter wille van Sara, die vrou van Abraham.

(2) Gebed van Moses.

Num 11:1 En die volk het hulle voor die ore van die HERE beklag dat dit sleg gaan. En toe die HERE dit hoor, het sy toorn ontvlam, **en die vuur van die HERE het onder hulle gebrand en het gewoed aan die kant van die laer.**

Num 11:2 Toe het die volk na Moses geroep, **en Moses het tot die HERE gebid; en die vuur het doodgegaan.**

Num 21:5 En die volk het teen God en teen Moses gespreek: **Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos.**

Num 21:6 Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe.

Num 21:7 En die volk het na Moses gekom en gesê: **Ons het gesondig dat ons teen die HERE en teen u gespreek het. Bid tot die HERE, dat Hy die slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid.**

Deut 9:20 Ook was die HERE baie toornig op Aäron, sodat Hy hom wou verdelg; **maar ek het ook vir Aäron in dié tyd gebid.**

(3) Gebed van Hanna.

1Sam 1:10 En bitter bedroef het sy tot die **HERE gebid** en bitterlik geween;

1Sam 1:27 **Om hierdie seun het ek gebid**, en die HERE het my **bede** aan my gegee wat ek van Hom gebid het.

1Sam 2:1 **Toe het Hanna gebid en gesê:** My hart jubel in die HERE,

my horing is hoog in die HERE; my mond is wyd oop oor my vyande, want ek verheug my in u verlossing.

(4) Gebed van Samuel.

1Sam 8:6 Maar die woord was verkeerd in die oë van Samuel toe hulle gesê het: Gee ons 'n koning om ons te rig, **en Samuel het tot die HERE gebid.**

(5) Gebed van Elisa.

2Kon 6:17 **En Elísa het gebid en gesê:** HERE, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elísa.

2Kon 6:18 En toe hulle na hom afkom, **het Elísa tot die HERE gebid en gesê: Slaan tog hierdie mense met blindheid.** En Hy het hulle op die woord van Elísa met blindheid geslaan.

(6) Gebed van Elia. (Sewe en vyftig woorde)

1Kon 18:36 En op die tyd dat hulle die spysoffer bring, het die profeet Elía nader gekom en gesê: HERE, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit vandag bekend word dat U God in Israel is, en ek u kneg, en dat ek al hierdie dinge op u woord gedoen het.

1Kon 18:37 Antwoord my, HERE, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U, HERE, God is, en dat U hulle hart tot U laat terugkeer.

1Kon 18:38 Daarop het die vuur van die HERE neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek

(57 Woorde van gebed en die vuur van God, val uit die Hemel op Karmel.)

Jak 5:17 Elía was 'n mens net soos ons, **en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie**, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie;

Jak 5:18 **en hy het weer gebid**, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit.

(7) Gebed van koning Hiskia.

2Kon 19:15 **En Hiskía het voor die aangesig van die HERE gebid en gesê:** HERE, God van Israel, wat op die gérubs troon, U alleen is die God van al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak!

2Kon 20:2 Toe draai hy sy gesig na die muur, **en hy het gebid tot die HERE en gesê:**

2Kon 20:3 Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek voor u aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in u oë.

En Hiskía het bitterlik geween.

(8) Gebed van koning Jehiskia.

2Kron 32:20 Maar toe koning Jehiskía en die profeet Jesaja, die seun van Amos, **hieroor gebid en na die hemel geroep het,**

2Kron 32:21 stuur die HERE 'n engel, en dié het al die dapper helde en bevelhebbers en owerstes in die laer van die koning van Assirië verdelg, sodat hy met 'n beskaamde aangesig na sy land teruggegaan het; en toe hy in die huis van sy god kom, het die wat uit sy eie liggaam voortgekom het, hom daar met die swaard neergeslaan.

2Kon 19:35 En in dieselfde nag het die engel van die HERE uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd vyf en tagtig duisend verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak—was dit almal dooie liggame! {Hiskia en Jehiskia is dieselfde persoon - 2Kron 29}

(9) Gebed van koning Manasse.

2Kron 33:12 Maar in sy benoudheid het hy die aangesig van die HERE sy God om genade gesmeek en hom diep verootmoedig voor die aangesig van die God van sy vaders

2Kron 33:13 **en tot Hom gebid;** en Hy het hom verhoor en na sy smeking geluister en hom na Jerusalem in sy koningskap teruggebring. Toe het Manasse erken dat die HERE God is.

(10) Gebed van Esra.

Esra 10:1 En terwyl Esra bid en hy wenende neerval en belydenis doen voor die huis van God, kom daar uit Israel 'n baie groot vergadering van manne en vroue en kinders by hom bymekaar; want die volk het geween met 'n groot geween.

(11) Gebed van Nehemia. {Hoofstuk 9 Die langste gebed 1,205 woorde}

Neh 1:4 En toe ek hierdie woorde hoor, het ek gesit en ween, en ek het dae lank getreur; **en ek het gevas en gebid voor die aangesig van die God van die hemel**

Neh 2:4 Daarop vra die koning my: Wat is dan jou begeerte? **En ek het tot die God van die hemel gebid**

(12) Gebed van Job.

Job 42:10 En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen.

(13) Gebed van Jeremia.

Jer 32:16 En nadat ek die koopbrief aan Barug, die seun van Nería, gegee het, **het ek tot die HERE gebid en gesê:**

Jer 32:17 **Ag, Here HERE, kyk,** U het die hemel en die aarde gemaak deur u grote krag en deur u uitgestrekte arm; geen ding is vir U te wonderbaar nie.

(14) **Gebed van Daniël.**

Dan 6: 11 En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; **en hy het in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was** in die rigting van Jerusalem, **en hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid** en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het.

Dan 6:12 Daarop het daardie manne aangestorm **en Daniël gevind terwyl hy bid en voor sy God om genade smeek.**

(15) **Gebed van Jona.**

Jona 2:1 En Jona het tot die HERE sy God gebid uit die ingewande van die vis

Jona 2:2 en gesê: **Uit my benoudheid het ek die HERE aangeroep**, en Hy het my verhoor; uit die binneste van die doderyk het ek geroep om hulp—U het my stem gehoor.

NUWE TESTAMENT.

(16) **Gebed van JESUS.**

Mat 26:39 En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Mat 26:40 En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?

Mat 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

Mat 26:42 **Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê:** My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.

Mat 26:43 Toe kom Hy en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar.

Mat 26:44 En Hy het hulle met rus gelaat **en weer vir die derde maal gaan bid en dieselfde woorde gesê.**

(17) **Gebed van die dissipels van Jesus.**

Hand 1:24 En hulle het gebid en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het.

Hand 1:26 Toe werp hulle die lot, **en die lot het op Matthías geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.**

(18) **Gebed van Petrus.** (Die kortste gebed in die Bybel.)

Hand 9:40 En Petrus het almal buitentoe gestuur en neergeskniel en gebid. **En hy het hom na die liggaam gedraai en gesê: Tabíta, staan op!** En sy het haar oë oopgemaak; en toe sy Petrus sien,

het sy regop gesit.

Hand 9:41 En hy gee haar sy hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die heiliges en die weduwees en stel haar lewendig voor hulle.

(19) Gebed van Corneluis.

Hand 10:2 Hy met sy hele huis was vroom en godvresend en het baie aalmoese aan die volk gegee **en was altyddeur in die gebed tot God.**

Hand 10:3 Hy het duidelik in 'n gesig omtrent die negende uur van die dag 'n engel van God na hom sien inkom en vir hom sê: Cornelius!

Hand 10:4 En hy het die oë op hom gehou en vol vrees gesê: Wat is dit, my heer? Toe antwoord hy hom: **Jou gebede en jou aalmoese het voor God in gedagtenis gekom.**

Hand 10:30 En Cornelius sê: Vier dae gelede was ek besig om te vas tot op hierdie uur, **en die negende uur het ek in my huis gebid,**

(20) Gebed van die kerk.

Hand 4:31 En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.

Hand 6:6 wat hulle voor die apostels gestel het; **en hulle het gebid en hulle die hande opgelê.**

(21) Gebed van Paulus en Silas.

Hand 16:25 En omtrent middernag het **Paulus en Silas gebid** en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister.

Hand 16:26 En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fundamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.

(22) Gebed van Petrus en Johannes.

Hand 8:14 En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van God aangeneem het, **het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur.**

Hand 8:15 Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang,

(23) Gemeenskaplike gebed van die gelowiges.

Hand 21:5 Maar toe ons die dae uitgebly het, het ons vertrek en op reis gegaan, **terwyl almal, met vroue en kinders, ons tot buitekant die stad begelei; en ons het op die strand neergekniel en gebid.**

Hand 21:6 En nadat ons mekaar gegroet het, het ons aan boord gegaan, en hulle het teruggegaan huis toe.

(24) **Gebed van Paulus.**

and 22:17 En toe ek in Jerusalem teruggekom het en besig was om in die tempel **te bid**, het ek in 'n verrukking van sinne gekom

Hand 22:18 en Hom gesien, en Hy het vir my gesê: Maak gou en gaan haastig uit Jerusalem uit, want hulle sal jou getuienis aangaande My nie aanneem nie.

Hand 28:8 En die vader van Públius het siek gelê aan koors en buikloop. En Paulus het ingegaan na hom toe, **en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak.**

Hand 28:9 En hierna het ook die ander wat siektes gehad het op die eiland, **na hom gekom en is genees.**

ONS DANK AAN GOD !!

Efes 5:20 terwyl julle God die Vader **altyd vir alles dank** in die Naam van onse Here Jesus Christus,

Kol 3:17 En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus **en dank God die Vader deur Hom.**

1 THES 5:16
WEES
ALTYDDEUR
BLY.

1 THES 5:17 BID
SONDER OPHOU.

AMEN ! AMEN !

AMEN !

{1953 Vertaling.}



"Braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die Here te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën!" — **Hoséa 10:12**

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Die deur kan slegs van die binnekant af oopgemaak word !!!



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ **Psm 38:19(b)** Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar ‘n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook ‘n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom **oordeel**: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. \ Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,..** “**MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

